



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrieff@framesby.co.za

Uitgawe 42: 17 APRIL 2015

VERANTWOORDELIKHEID

Vandag begin ons met die volgende komponent van ons waardesisteem, naamlik VERANTWOORDELIKHEID. Soos met die kernwaardes OMGEE en RESPEK, streef ons werklik daarna dat hierdie waardes nie net oppervlakkig hanteer word en by praat bly nie, maar dat die hele Framesby-gemeenskap dit werklik sal LEEF. Kom ons praat hieroor in ons huise, en kom ons soek na maniere om die waardes spesiaal uit te leef. Ons gee maklik spesiale aandag aan 'n gesonde eet- en oefenprogram, en oefen veral om fisiek fiks en gesond te wees, maar dikwels skeep ons ons "oefeninge" om op geestelike vlak fiks en gesond te wees, gruwelik af. Daarom moet ons voortdurend soek vir praktiese maniere om onself fiks te hou in die uitleef van hierdie fundamentele waardes. Kom ons neem verantwoordelikheid vir ons eie keuses. Kom ons gee meer aandag aan geleenthede om 'n verskil in iemand anders se lewe te maak, en kom ons toets elke dag ons optrede aan die maatstaf van hoe ons verwag om deur ander behandel te word.

Mag Framesby en sy mense WAARDEVOL wees!

OUERAANDE: OMGEE-OUERS IS DAAR!

U sal vandag u kind se Vorderingsverslag vir die eerste kwartaal ontvang. Alle Graad 8- en Graad 9-ouers word uitgenooi om die Junior-oueraand op Dinsdag 21 April by te woon. Die verrigtinge begin om 18:00 met 'n kort byeenkoms in die Saal, waarna ouers die onderwysers in hul klasse of kantore kan besoek.

Die Senior-oueraand vir die Graad 10 tot 12-ouers sal op Donderdag 23 April plaasvind. Dieselfde prosedure sal ook hier geld.

Ons ondervinding is dat die ouers van leerders wat akademies sukkel, dikwels nie hierdie geleentheid benut om met die betrokke vakonderwysers te gesels nie. Ons wil dit u daarom baie sterk op die hart druk om wel van hierdie geleentheid gebruik te maak. Die byeenkoms in die saal bied ook 'n geleentheid om waardevolle en relevante inligting met ons ouers te deel.

U kind se belange is ons eerste prioriteit, maar dikwels ontwikkel daar 'n wedersydse wantroue tussen ouers en onderwysers wanneer ouers vermoed daar word nie behoorlik na hul kind se belange omgesien nie. Oueraande is die IDEALE geleenthede om hierdie misverstande uit die weg te ruim en om as vennote werklik saam te werk in elke leerder se belang. SIEN U DAAR!

APRIL IS DIE MAAND VIR VERANTWOORDELIKHEID!

Rapporte vandag!
Oueraande 21 en 23
April (18:30)

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Marlese Botha 8G
Lien-Mari McLaren 12B
Alec v d Berg 8B
Bradley v d Berg 8B
Anneke van Rooy 11B

Sondag

Juandré Nel 8F
Willem Adriaan Odendaal
Jaco Potgieter 9D

Maandag

Lionelene Peterson 12C
Bianca van Biljon 11F
Leon Vermeulen 10G

Dinsdag

Nikita du Plessis 8F
Ané Fourie 11D
Marné Fourie 11D
Gerrit van Maanen 11G
Twané van Staden 9C

Woensdag

Leandré Cilliers 10A
Karlien Oosthuizen 11D

Donderdag

Divan du Preez 10E
Wiandré Pieters 10F
Mijuane Smith 8A

Vrydag

Charlotte Coetsee 11B
Luhan Fourie 8D
Wiehann Strydom 8A
Ruan Swanepoel 8D
Nicole Wilson 12B

ONS SPANNE REÏS DIE LAND VOL NETBAL MAAK 'N DRAAI OP DIE PUK



Die NWU-Puk het tydens die vakansie netbalkursusse aangebied wat deur ons O/16's, sowel as die eerstespan bygewoon is. Tydens die kursusse het die dogters spesialis-afrigting ontvang in onder andere aanval en verdediging en het ook aan verskeie spanbou-aktiwiteite deelgeneem. Die kursusse is aangebied deur Dorette Badenhorst, die huidige hoofafrigter van die NWU-Puk netbalspan asook die O/21 Protea-span. Die dogters het ook die geleentheid gehad om bekende spelers soos Nadia Uys (Protea-speler) en Elsnet du Plessis te ontmoet.

Tydens die kursus is daar ook oefenwedstryde gespeel. Ons O/16's het uitstekend gevaar deur verskeie skole se O/17-spanne te klop en ook af te reken met Hoërskool Hartswater se O/19-span! Die eerstespan het ook baie goed gevaar deur Wonderboom, die gunsteling van die kursus, te klop. Die span het 12-15 teen Outeniqua verloor, maar sal alles in die stryd werp om die bordjies te verhang met ons jaarlikse bepaling. Die dogters was ook braaf genoeg om teen die PUK-span te speel. Hulle het hulle goed van hul taak gekwyd en dit is beslis 'n herinnering wat hulle altyd sal bybly. Ons is dankbaar vir reisende genade en dat ons dogters sonder beserings huis toe gekom het. 'n Spesiale dankie aan die afrigters, Mejj. Van Huyssteen en Rautenbach vir jul harde werk. Framesby is baie trots op julle, meisies!! Ons sien uit na 'n wonderlike seisoen en weet dat julle die Framesby-harte warm gaan laat klop in 2015!!

HOKKIE BLINK BY UNION-TOERNOOI

Die eerste dogtershokkiespan het die amptelike seisoen afgeskop met 'n goeie vertoning tydens Union High in Graaff-Reinet se hokkiefees aan die begin van April.

In die eerste wedstryd het Framesby oortuigend met Port Alfred afgereken met 'n telling van 6 – 0. Lene het hier drie doele aangeteken, Bianca Odendaal twee en Bianca Pretorius een. In die tweede wedstryd teen Victoria Girls van Oos-Londen het die meisies hulle man gestaan en goed onder druk gespeel. Hulle kon egter net nie die wa deur die drif trek om te wen nie, en het die wedstryd met 3 - 4 verloor. Lene, Lisa en Nina het elkeen een doel aangeteken.

Die volgende wedstryd teen Volkskool was 'n naelbystryd. Albei spanne het uitstekende hokkie gespeel en goed verdedig. Sekondes voor halftyd het Lisa 'n doel aangeteken. In die tweede helfte het Volkskool ook 'n doel aangeteken om die eindtelling op 1 – 1 te staan te bring. Die vierde wedstryd teen een van die tuisspanne, The Union High Invitation Team, was beslis 'n hoogtepunt. Ons meisies het baie karakter gewys en met goeie spanwerk behaal hulle 'n oortuigende oorwinning van 3 – 0. Keitlin, Bianca Odendaal en Lisa het elkeen 'n doel aangeteken. Na afloop van die wedstryd was dit duidelik dat die feesgangers weer deeglik van Framesby kennis geneem het! In die laaste wedstryd het ons ongelukkig met 0 -1 die onderspit gedelf teen die sterk span van Cambridge van Oos-Londen.

Pragtige uitslae, meisies! Hierdie prestasies behoort 'n voorsmakie te gee wat daar te wagte kan wees van hierdie span in 2015. Baie sterkte ook aan mnr. Pierre Smit en Sasha McKay, wat vanjaar as nuwe afrigters oorgeneem het.

Rugbymanne leer waardevolle lesse

Soos vroeër berig, het al ons A-spanne die afgelope vakansie aan Paas-toernooie deelgeneem. Die O/14, O/15 en O/16-spanne was almal in die Paarl in aksie, en het gemengde welslae behaal. Die eerstespan het 'n uitmergelende toer na Potchefstroom en Durban onderneem en 5 wedstryde in 10 dae gespeel. Hulle kon geen wedstryd wen nie. Ondervinding het egter geleer dat hierdie toernooie uitstekende voorbereiding is vir die seisoen wat môre begin.



GELEENTHEDE VIR ALMAL

Nuwe inisiatief by die Mediasentrum

Enige leerder wat die belange van die Mediasentrum op die hart dra, op 'n gereelde basis die Mediasentrum besoek en van enige dienste gebruik maak (bv. navorsing, uitleen van enige items, lees van enige bronne, groepwerk, huiswerk, rekenaarwerk, fotokopiëring, drukwerk, bordspele) ook in klasverband, is welkom om aan te sluit by die ondersteunersgroep **Vriende van die Hoërskool Framesby Mediasentrum**.

Daar sal 'n aansluitingsfooi van R30 wees. Lidmaatskap kan daarna jaarliks hernu word teen R10 per jaar. Enige lid wat 'n detensie gekry het vir enige oortreding by die Mediasentrum, se lidmaatskap sal onmiddellik beëindig word en die lapelwapen terugbesorg word. Alle reëls van die Mediasentrum sal van toepassing wees op lede.

Voordele vir lede:

1. Elke lid sal 'n spesiale lapelwapen kry om op hul baadjie te dra en 'n boekmerk.
2. Slegs lede sal in ag geneem word vir pryse vir die Flinkste lesers.
3. Lede sal 5 boeke op 'n slag mag uitneem, plus 3 DVD's.
4. Almal mag gedurende vakansies ekstra boeke (nie DVD's nie) uitneem. Die aantal boeke sal bepaal word deur verskillende leeskatteorieë wat deur die Mediasentrumbestuurder opgestel sal word. Alle lede met 'n skoon rekord en wat nie 'n detensie gekry het of nooit op die swartlys was nie, sal toegelaat word om ook boeke gedurende die Desembervakansie uit te neem.
5. 'n Lid sal geregtig wees op R2 se gratis fotostate (10) en R5 se drukwerk per jaar.
6. Slegs lede mag oorfone leen om by die rekenaars te gebruik.
7. Daar sal ongeveer een byeenkoms per kwartaal gereël word vir die eerste 3 kwartale. Bywoning is nie verpligtend nie. Een funksie sal 'n lees- en inligtingsgeletterdheidsvasvra wees tussen die Visse en die Kritte.
8. Lede sal kennisgewings per e-pos of Whatsapp (as hulle dit beskikbaar het) ontvang oor nuwe boeke en DVD's, of enige items wat hulle persoonlik bestel of aanbeveel het.
9. Geen merietepunte sal vir lede toegeken word nie, maar 'n komitee sal aangestel word, wat elkeen 'n merietepunt sal ontvang.
10. Almal word genooi om ook die groep Vriende van die Hoërskool Framesby Mediasentrum op Facebook te Like. Daar is tans meer as 200 lede.

OMGEE-PROJEK GROOT SUKSES!

Die Monitorbestuur wil graag almal wat bygedra het tot die Omgee-projek wat verlede kwartaal van stapel gestuur is, opreg bedank vir hul bydrae!



SPORTPROGRAM SATERDAG 18 APRIL FRAMESBY VS DESPATCH

HOKKIE

TYD	VELD	TYD	VELD
08:40	O/16A	09:00	O/14
09:30	2de	09:45	O/16B
10:30	1ste		

NETBAL

TYD	BAAN 1	BAAN 2
08:30	O/16B	O/14B
09:05	O/14A	O/19C
09:40	O/16A	O/14C
10:15	O/19B	O/16C
11:00	O/19A	

RUGBY

TYD	A-VELD	B-VELD	C-VELD
08:30	O/14A	O/16B	O/15B
09:30	O/15A	3de	
10:30	O/16A		O/14B
11:45	2de		
13:00	1ste		

KOM EN ONDERSTEUN ONS SPANNE!!

IETSIE VIR DIE SIEL

Eie Keuse

DIT is deel van die mens se sondige aard dat ons altyd probeer om die skuld vir ons sonde en probleme op andere of op die omstandighede te werp. Dit is selfs uit eie krag vir ons onmoontlik om ons eie verantwoordelikheid te erken en te aanvaar. Dáárvor moet eers 'n Godswonder aan ons geskied. Die Bybel vertel ons dat dit al in die Paradys so was toe Adam homself voor God probeer verontskuldig het deur te sê dat sy ongehoorsaamheid eintlik die skuld van Eva was. Eva wys weer na die slang as die skuldige. Nie een van die twee wil die verantwoordelikheid vir hul daad aanvaar nie. In werklikheid kom hul redenasie daarop neer dat alles in laaste instansie eintlik die skuld van God self is, want dit is Hy wat Eva so geskep het dat sy verleibaar was; dit is Hy wat Adam so gemaak het dat Eva 'n groot invloed op hom sou hê, en dit is Hy wat die slang so gemaak het dat hy 'n instrument van die Verleier kon wees; ja, dit is Hy wat die hele sondeval moes verhoed het. Hulle kon dit nie verhelp nie. God moes nooit so iets laat gebeur het nie (Gen. 3:8-13). Hiermee is eintlik die verhaal vertel van die hele mensheid se onwil om die skuld vir wat verkeerd is, by homself te soek. Die gedagte van die sogenaamde behaviourisme, waarvolgens ons hele gedrag verklaar word uit die invloed van ons opvoeding en ander faktore op ons, het selfs 'n sekulêre moderne dogma geword: almal het skuld aan ons sonde, net ons self nie. Dit is die strukture, die omstandighede, die mense en magte buite ons wat ons optrede bepaal, nie ons eie keuse nie. In werklikheid trek ons met die ontkenning van ons eie skuld 'n streep deur ons menslikheid as sodanig. Die Bybel leer ons dat die mens na die beeld van God geskep is. Dit beteken onder meer dat hy geskep is om met God in 'n verhouding te staan waarin hy kan antwoord op die Woord van God. Hy is in 'n posisie van ver-antwoord-elikheid gestel. Anders as die res van die skepping wat geprogrammeer is, om aan hul doel te beantwoord - en dit daarom akkuraat doen - word die mens geroep om vrywillig die goeie te kies en so sy skeppingsdoel self te verwerklik. As ons die vryheid van die mens wegdink, hou die mens op om mens te wees. Die adel van die mens is daarin geleë dat hy kan kies tussen goed en kwaad, dat hy verantwoordelik is vir wat van hom word. Juis sy skuld bevestig sy adel, want slegs 'n vrye wese kan skuldig word. Die feit dat hy sy vryheid misbruik en 'n slaaf van die sonde geword het, onthef hom nie van sy verantwoordelikheid as mens nie. Laat ons ophou om die oorsaak van ons mislukkings, slegte gewoontes en verkeerde dade uitsluitend in ons agtergrond, opvoeding, maatskaplike toestand en faktore buite ons te soek. Al het duisende dinge ons beslissings beïnvloed, dan bly dit nog steeds ons keuse wat die deurslag gee. En deur Gods genade hoef ons nie die verkeerde keuse te doen nie. -

Uit *Die Burger* 29 April 1989

Elkeen kan 'n verskil maak

Ons wil onself graag onder die beste sien. Daarom word daar BAIE tyd en geld ingesit om van ons leerlinge presteerders te maak. Dit is egter teleurstellend dat daar relatief min leerlinge is wat die geleentheid aangryp om aan die skool se aktiwiteite deel te neem. Die ander probleem gaan oor ingesteldheid. As ek nie in die topspan is nie, dan hou ek op deelneem! Wat het geword van ons veggees? Die wil om bo uit te kom, die samehorigheid wat in 'n groep bestaan en die gemeenskaplike doel om iets te bereik.

Dit is makliker om saam te strew om bo uit te kom, maar baie moeiliker om bo te wees en dit te handhaaf. Dalk is ons tevrede met dit wat ons voel ons bereik het. Dalk is ek net eenvoudig lui en is dit lekkerder om niks te doen nie! Dalk voel jy dat jou bydrae te klein is om 'n verskil te maak. Wat ook al jou omstandighede is, sal dit net van jouself afhang of jy deel van die res gaan word.

Dieselfde kookwater waarin die eier hardgekook word, is die water waarin die aartappel saggekook word. Dit is nie jou omstandighede nie, maar wáárvan jy gemaak is.

KOM MELD AAN EN WEES DEEL VAN FRAMESBY. DIE RES VAN DIE SKOOL HET JOU NODIG!!

Ek alleen kan nie die wêreld verander nie, maar ek kan 'n klip in die water gooi om 'n rippel-effek te veroorsaak - Moeder Teresa

Vakansie-verjaardae

4 April: Juandré Erasmus 11E, Nadia Jonker 11D, Desireé van Zyl 9G, Dewald van Zyl 9E; **5 April:** Andrea Boonzaaier 9D; **6 April:** Dillon Carr, Vittorio Collalto 12F, Anel Gerber 12A, Johann Postma 8F, Roelof Roodt 11G; **7 April:** Renée Nell 12A, Jean-Pierre O'Linsky 10D, Bianke van Eyk 12E; **8 April:** Robyn-Leigh Munro 8C, Zelnay Rossouw 10D; **9 April:** Gustel Agenbag 11G, Arno Engelbrecht 11B, Shanna-Lee Koen 12B, Jeandré Kritzinger 11G, Rochelle Momberg 10D, Dirkie Norton 8E, Ané Potgieter 8d, Jancke Seger 11B; **10 April:** Twané Anderson 8B, Ian Arpin 11B, Lené Siebert 10D, Liesel Stander 12C, Janke v Niekerk 11B; **12 April:** Deandre v d Merwe 9F